

Sing vooraf staande: Psalm 116:5 (p. 569)

- 5 U het my siel weer van die dood bevry; / in droefenis droog U, o HEER, my trane;
U lei my voet langs nuwe lewensbane, / om in u lig te wandel, lewensbly.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 147:5 (p. 707)

- 5 Laat nou jou stem, o Salem, rys! / O Sion, wil die HERE prys!
Hy dek jou dig vir slag en stoot, / versterk jou poorte teen die dood.
Hy seen jou kinders met jou mee / as Hy jou land die vrede gee.
Hy laat jou akkers wuiwend staan / en voed jou met die beste graan.

Gebed

- *Doksologie:*
 - *Aanbidding:*
 - *Skuldbelydenis:*
 - *Vergifnis:*
 - *Dank:*
 - *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:*
 - *Algemene bede:*
 - *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*
- Amen.

Psalm 118:8 (p. 577)

- 8 Gods regterhand is hoog verhewe, / sy regterhand is groot van daad;
dit laat van skrik die wêreld bewe, / maar hef sy volk uit lyde en smaat.
Ek sal nie kwyn in slawebande / wat my ter dood toe wil omknel;
ek sal nie sterf deur vyandshande, / maar al Gods werke bly vertel.

Skriflesing: Lukas 12

Teks: Lukas 12:32; Heidelbergse Kategismus Sondag 22

Moenie vrees nie, klein kuddetjie, want julle Vader het 'n welbehag daarin gehad om aan julle die koninkryk te gee. (Lukas 12:32 AFR53)

Die einde van die tyd is nie meer ver nie. Vir al wat ons weet, is ons maar 'n hanetree daarvandaan. Besef die kerk van die Here dit? Gemeente, berei u uself voortdurend voor vir die wederkoms of leef u maar aan asof die wederkoms nooit sal kom nie?

Ons het almal verwagtinge. Dit is so dat ons soms jare vooruit beplan wat ons alles gaan doen.

- Dikwels sondig ons ook hierin, want ons leef en beplan soms asof daar geen hiernamaals is nie.
- Dikwels word ons sondes ook in ons beplanning vasgevang en ons gee nie om om sonde te doen nie, want ons glo dat daar nog baie tyd oor is om reg te maak.

Wat daarvan as u vandag geroep word om die grense van die doderyk oor te steek? Waarop gaan u dan terugval?

Ons leef verskeurd. Almal van ons het nog nie die saak van die verhouding tussen hierdie lewe en die hiernamaals behoorlik deurgedink nie.

- Ons weet die Here gaan 'n ewige koninkryk oprig, maar tog is daar twyfel daaroor.

- Ons bely elke Sondag dat ons liggaam weer uit die dood sal opstaan (wanneer ons ons geloof bely), maar tog sit ons met 'n diepgewortelde vrees vir die dood.

Ons is dikwels bang om in die dood die oordeel van God deur te gaan!

- Ons vrees is daarin gegrond dat ons in die donker dieptes van nie bestaan nie gaan wegraak!
- Die heidene sê mos dat as ons sterf, ons glad nie meer bestaan nie.
- Is ons vrees nie dan – uit hierdie hoek gesien – gegrond in die heidendom, en dus ongelooft, nie?

Ons geestesvermoëns is ook al so verswak dat ons nie lewe anderkant die dood altyd behoorlik kan sien nie.

- Ons sien 'n graf en 'n dooie mens wat ontbind tot stof.
- Dis die indruk wat baie van ons het van die dood.

Die Bybel leer die hele saak anders. Ons moet sterf.

- Die dood is om ons te herinner aan ons sondes, en dat ons eenkeer die doodstraf gekry het oor ons ongehoorsaamheid.
- Toe het God gesê dat ons stof is en tot stof sal terugkeer.
- Daarteenoor staan daar in die Nuwe Testament dat die dooies uit hulle grafte sal opstaan.

Om die waarheid hiervan te bewys, het die Here Jesus die dag van sy kruisiging al mense uit hul grafte laat opstaan.

- Dit beteken dat die dood ons nie van die Here Jesus Christus af kan wegneem nie, want Hy het mag oor die dood.
- Wanneer ons sterf, beskik Hy steeds dat ons lewe – met ander woorde dat ons dan by Hom lewe.

Dit alles beteken sekerlik nie dat ons sonder 'n greintjie vrees en met 'n glimlag in die dood moet instorm nie.

- Die dood is verskriklik, want daar gebeur iets verskrikliks op daardie oomblik.
- Toe God die mens geskape het, het Hy ons liggaam en siel tot 'n volmaakte eenheid geskape – en Hy het ons ook nie geskape om te sterf nie.

Toe die doodstraf gekom het, het dit beteken dat ons in ons sterwensoomblik uitmekaar-geskeur gaan word. Liggaam en siel wat 'n eenheid is, word deur die dood verskeur in twee.

Ons liggaam word tydelik vir die aarde bestem en ons siel gaan onmiddellik na God toe.

- Ons lees in Lukas 16:22 dat Lasarus met sy dood dadelik deur die engele na die hemel toe weggedra is.
- Ons het ook gehoor toe Jesus vir die een moordenaar gesê het toe hy langs Hom ook aan 'n kruis gehang het:

Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die Paradys wees.

Die liggame van Jesus en die medegekruisigde was nog op die aarde in hulle grafte, toe was hulle albei by God in die hemel.

Paulus skryf aan die Filippense (1 :21) dat hy verlang om heen te gaan, want dan is hy by Christus. Hieruit leer ons dat ons siele dadelik tot Christus geneem word en dat ons liggame weer opgewek word.

- Daar is nie so iets dat daar een oomblik kom wanneer ons en Christus van mekaar geskei is nie.
- Daar is ook nie 'n tussentyd of 'n vagevuur soos die Roomse kerk leer nie.

Vandag sal jy saam met My in die Paradys wees!

Dit bring ons ook by ander verkeerde sienings waarvan ons soms hoor.

- Baie mense dink dat die liggaam iets laers of slegters is as die siel.
- Dit is nie so nie. Liggaam en siel het presies ewe veel heiligheid en daarom word hulle weer saamgevoeg in die nuwe koninkryk van God.

Ons hoor gereeld by begrafnisse dat daar van die liggaam gepraat word as die stoflike oorskot!

- Ernstiger sonde kan ons kwalik teen God doen, want oorskot is dieselfde as oorskiet, dit wil sê weggooimateriaal.
- Die liggaam is geen oorskiet nie, dis die mens net soos hy is, net sonder sy siel.
- Die liggaam word deur die Here bestem om op 'n ander manier in die hemel te kom as die siel – daarom wek die Here ons liggame by die wederkoms weer op.

Wanneer die einde van die tyd kom en die laaste oordeel vind plaas, word elke liggaam opgewek en met sy siel verenig.

- Die see gee sy dooies en die land gee sy dooies.
- Almal is weer lewend soos nou – maar met een belangrike verskil: dan is die uitverkorenes se liggame verheerlik. Volmaak.

Hoe dit sal wees, weet ons nie, maar dit sal die hoogste graad van volmaaktheid wees.

- Nou dra ons die beeld van Adam.
- Dan dra ons die beeld van die Here Jesus Christus.

Op hierdie opstanding volg daar die ewige lewe, in volkome saligheid. Van al die ellendes wat ons nou ken, wat deur die sonde veroorsaak word, is daar niks.

Watter troos het dit vir ons?

- Ons ken op hierdie aarde reeds vreugde – oomblikke van groot blydschap.
- Dit is maar 'n baie klein beginsel van die voortdurende blydschap wat ons in die hemel sal ervaar, want selfs ons mooiste oomblikke hier is nog met sondes bederf.

Hoeveel heerliker sal ons dit nie in die hemel ervaar nie, want die Bybel leer dat daar 'n saligheid is wat geen oog gesien en geen oor gehoor en in die hart van geen mens opgekom het nie (1 Korintiërs 2:9).

- Dit is die woorde waarmee Paulus beskryf dat daar 'n volmaakte lewe by God is, wat Hy van ewigheid af vir ons beplan het.
- Daar is geen rou of armoede nie en geen sonde, bekommernis of onverantwoordelike nie.
- Dit sal 'n heerlike lewe wees sonder einde of ouderdom – 'n lewe waar ons klaar deur die dood is en nie meer kan sterf nie.

Maar dit is ook 'n lewe van werk.

- Daar sal ons God ewig loof en prys.
- Ons arbeid sal grootliks daarin bestaan dat ons ons Skepper voortdurend dien en dank vir ons verlossing.

Al hierdie vooruitsigte steun op die krag van die Here Jesus Christus.

- Deur sy krag sal ons liggame weer opstaan.
- In sy verdienste gaan ons die heerlikheid van God binne.

Die opstanding van die Here Jesus Christus waarborg ons opstanding en ook dat ons liggame aan sy verheerlikte liggaam gelyk sal wees.

- As Hy, terwyl Hy God is, Homself uit die dood kon terugbring in die lewe, met sy liggaam en siel,
- hoeveel te meer sal Hy ons nie ook kan opwek tot die ewige lewe nie.

Ons steun dus op die beloftes van die Here Jesus Christus.

- As dit nie was dat die Here Jesus al hierdie dinge beloof het toe Hy hier was nie, sou ons niks daarvan geweet het nie.
- Hy belowe lewe aan ons en dan vra Hy geloof vir die verwerwing daarvan.

Ons geloof gryp hierdie beloftes en krag van die Here Jesus Christus aan omdat dit die sekerheid van die hiernamaals aan ons waarborg.

- Hierdie hiernamaalse lewe, waarin my siel en liggaam weer verenig sal wees en waar daar die grootste harmonie sal wees, is die doel van Jesus se verlossingswerk.
- Dit is waarvoor Hy aan die kruis was, gesterf het, opgestaan het en ook opgevaar het na die hemel toe nadat Hy die dood oorwin het.

Al hierdie dinge het 'n groot invloed op ons lewens nou. Vir baie lyk die lewe doelloos. Baie mense lewe selfs net vir die sonde, want dis al waaruit hulle genot put.

Maar hierdie vooruitsigte wat die Here Jesus ons beloof, verander alles baie vinnig.

- Dit laat ons beseft dat ons sal moet wegvlug van die slegte en verkeerde as ons die heerlikheid van die Here Jesus Christus se hiernamaals wil binnetree.
- Ons beseft ook die gevaar as ons nie aan die goddelike eise van gehoorsaamheid voldoen nie.
- Maar ons beleef ook ware berou oor al die kere wat ons nie werklik dankbaar was en heilig gelewe het vir alles wat die Here Jesus Christus vir en aan ons gedoen het nie.

Ons word dan gedring tot ware aanbidding omdat ons die hel en sy verskrikking vrees, waar ons die grootste smarte sal deurmaak— dit is as ons in hierdie lewe die Naam van God onteer het.

Maar ons word ook getrek deur die positiewe omdat ons werklik in die vreugde van God wil wees wanneer die sondaars en goddeloses met liggaam en siel in die smarte van die hel is.

Met die wete van God se heiligheid en die luister daarvan dat ons by Hom mag gaan woon, berei ons in hierdie lewe voor vir die hiernamaalse.

- Dit maak ons lewe 'n biddende lewe.
- Dit maak ons lewe 'n lewe waarin ons God soek soveel as wat ons kan.

Al hierdie dinge troos ons in die uur wanneer ons moet sterf. Dink daaraan hoeveel martelare 'n wrede dood gesterf het ter wille van hulle geloof en dit dan blymoedig gedoen het omdat hulle aan die troos van die ewige lewe vasgehou het.

Daarom, geliefdes, lewe ons rustig en in vrede omdat die Heilige Gees ons verseker dat ons in die Here Jesus Christus sal sterwe.

Hierdie preek word saamgevat in Heidelbergse Kategismus Sondag 22.

Vraag 57: Watter troos gee die opstanding van die liggaam aan jou?

Antwoord: Dat nie alleen my siel na hierdie lewe dadelik tot Christus, sy Hoof, opgeneem sal word nie (a), maar ook hierdie selfde liggaam van my, deur die krag van Christus opgewek, weer met my siel verenig en aan die heerlike liggaam van Christus gelykvormig sal word (b).

(a) Luk 16:22; 23:43; Fil 1:21, 23. (b) Job 19:25, 26; 1 Joh 3:2; Fil 3:21.

Vraag 58: Watter troos skep jy uit die artikel van die ewige lewe?

Antwoord: Dat, aangesien ek nou alreeds die begin van die ewige vreugde in my hart ervaar (a), ek na hierdie lewe volkome saligheid sal besit 'n saligheid wat geen oog gesien, geen oor gehoor en in die hart van geen mens ooit opgekome het nie om God daarin ewig te prys (b).

(a) 2 Kor 5:2, 3. (b) 1 Kor 2:9.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 119:40 (p. 594)

40 Troos my nou met u beloftes; / teëspoede druk my neer.
Laat my offers – my gebede – / U behaaglik wees, o HEER!
Of my lewe al in gevaar is, / of die dood my al bedreig –
'k kan u wette nie vergeet nie, / so 's my hart daartoe geneig.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Hulpdienspredikant
Gereformeerde Kerk Clanwilliam
Datum: 22 Julie 2012 aanddiens